Neem-Dit-Huis-Toe – Gr. 3

Riglyne om die Bybel te lees

(Die Bybel is baie meer en groter as wat hier in kort beskryf word – wat hier beskryf word is opsommend van wat ek in 'n paar kort sinne verstaan – so dis nie die geheel prentjie nie – hierdie is slegs riglyne om julle as gesin te help, met Bybelstudie.)

📖 Lees Jesaja 55:10-11; 1 Timoteus 3:16; Hebreërs 4:12;

Die Bybel se sentrale boodskap is om kennis te hê in die verlossing van Jesus Christus. Die Bybel is God se Woord aan die mensdom. God gee sy Woord aan ons deur geïnspireerde skrywers. "*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê*" (Joh 3:16).

Hierdie vers som op Jesus se verlossingsboodskap. Dit is die kern boodskap van die Bybel. Ons glo dat die Bybel die maatstaf is waarmee ons ons lewe meet. Die Bybel is deur baie skrywers oor 'n lang tydperk geskryf in die antieke tyd. Die Bybel is 'n versameling verhale en geskrifte wat oor baie jare tot stand gekom het en wat vertel van hoe God met mense op reis is.

Ons glo dat God in die afspeel van die storie, die oorvertel daarvan, die skryf daarvan en die oordrag en vertaling daarvan betrokke was deur Sy Gees. Ons glo dat God steeds vandag vir ons in die lees van die Bybel inspireer en ons help om die storielyn te verstaan en die beginsels daaruit vandag toe te pas.

Die Bybel se struktuur het twee hoofdele. Eerstens die Ou Testament, dis die tyd toe God die wêreld voorberei het vir die koms van Jesus Christus. Tweedens is dit die Nuwe Testament. Dit vertel van Jesus Christus se bediening, onderrig, kruisdood, opstanding, Hemelvaart, sowel as die begin van die kerk. So die Bybel gee vir ons insig en wysheid vir alle aspekte van ons lewe (veral die Psalms en Spreuke help ons hiermee).

Die Bybel is 'n versameling van geskrifte wat in verskillende genres geskryf is. Die Psalms is byvoorbeeld poësie, terwyl die Evangelies verhale is. Die verskillende boeke van die Bybel is ook dikwels samestellings van verskillende mondelingse verhale wat oor tyd oorgelewer is. Die verhale van die Bybel was nie van die begin af vanaf Genesis tot Openbaring geskryf nie, maar was eers later in hierdie volgorde gerangskik.

Die verloop van geskiedenis, tyd sowel as die openbaring van God (soos die koms van Jesus en die Gees) het 'n impak op die storielyn van die Bybel en daarom is die Bybel juis in hierdie spesifieke volgorde gesit. Die Gees help ons om die Bybel (wat baie jare terug geskryf is) te lees, te verstaan en die waarhede daarin in vandag se tyd en konteks toe te pas.

Ons kan die Bybel soos volg beskryf:

- Dit is 'n betroubare getuienis van wat God sê en gedoen het.
- Dis 'n antieke boek wat steeds relevant is vir moderne mense.
- Dit is in 3 tale geskryf: Hebreeus, Aramees en Grieks.
- Dit is 'n "biblioteek" wat uit 66 boeke bestaan.
- Dit is deur meer as 40 skrywers uit alle vlakke van die bevolking geskryf oor 'n tydperk van minstens 1600 jaar.
- Dis saamgestel uit 'n verskeidenheid literatuursoorte, onder meer geskiendenis, poësie, profesie en briewe.
- Die Bybel en Bybel-gedeeltes is in meer as 2000 tale vertaal.
- Nie alles in die Bybel lê op dieselfde vlak nie. Daar is sekere rigtingwysers wat uitstaan, bv. die Eksodus-verhaal in die Ou Testament en Jesus se dood en opstanding in die Nuwe Testament.
- Daar is sekere sake wat nie bindend is nie, soos die Bybelse wêreldbeeld en sekere godsdienstige gebruike van daardie tyd (besnydenis, tempel rituele en offers).
- Ons aanbid nie die Bybel nie, maar die Drie-Enige God. Die gesag van die Bybel lê dus in die boodskap, nie in die boek self nie.
- Die Bybel het 'n groot invloed op mense, musiek, staat-stelsels, boeke, wette, en die wêreldgeskiedenis.

As jy nuut die Bybel wil lees (of vir die eerste keer die Bybel lees), is vir my dit altyd 'n goeie begin om die Bybel te lees, deur te begin by die Johannes Evangelie. Gewoonlik lees ek dan die Psalms en Spreuke deur om nuwe wysheid en inspirasie te kry vir uitdagings in my persoonlike en professionele lewe. Dan lees ek die res van die Nuwe Testament.

Nog 'n manier is om die Bybelboeke alfabeties in volgorde te lees. Of jy kan kronologiese begin by Genesis en eindig by Openbaring.

Ek gee so bietjie *wenke* hieronder, om 'n meer gereelde Bybel leser/bestudeerder te wees:

1. **"Lees jou Bybel, bid elke dag, want dit gee jou krag".** Begin met een hoofstuk daagliks. Party mense vind dat hulle geestelike groei en sterker word deur, 'n hoofstuk, 'n psalm en 'n Spreuke te lees.
2. **Gebed!** Voordat jy begin met jou Bybel lees roetine, begin eers met gebed. Vra vir God se Heilige Gees om jou kop oop en nugter te maak, om te verstaan wat God vir jou deur sy Woord wil sê/leer.
3. **Normale betekenisse:** Lees die Bybel in 'n normale manier. Dit beteken jy moet oplet om die voor die hand liggende betekenisse te verstaan van woorde in verhouding met die woorde rondom dit. Gewoonlik sal die Bybel self dit duidelik maak, as woorde in 'n moralistiese of letterlike of meer simboliese manier verstaan moet word.
4. **Historiese konteks:** Wees versigtig vir die Bybelse historiese konteks. Lees jy in die Ou Testament, voordat Jesus gekom het of in die Nuwe Testament nadat Jesus gekom het?

Onthou dat die antieke Joodse wêreld van Israel en die invloed van die antieke/Ou Nabye Ooste se wêreld en die verskeie koninkryke van daai tyd, was heeltemal anders as vandag se leefwêreld. Soos wat jy lees, moet jouself afvra, wat is die kulturele verskille tussen toe en nou?

5. **Informasie vs. Transformasie:** Onthou ons lees die Bybel nie net om informasie te kry van wie God is en wat van ons verwag word nie. Ons lees ook die Bybel vir transformasie. Dit wat ek lees in my stiltetyd en Bybelstudie tyd moet my verander. Ek kan nie dieselfde mens wees, wanneer ek uit God se Woord gelees het nie. Deur God se Woord en Gees praat Hy daagliks met ons en ons kan nie dieselfde wees, wanneer ons gehoorsaam luister na God se stem nie!
6. **Literêre styl:** Is die woorde wat jy lees, besig om 'n verhaal te vertel, 'n feit, 'n belofte of 'n bevel/gebod? Is dit deel van 'n geskiedenis, 'n profeet se boodskap, of digter se gedig? Om die literêre styl te ken, help jou om die boodskap van die skrywer beter te verstaan. Die vier Evangelies in die Nuwe Testament vertel vir ons van die lewe van Jesus Christus. Paulus se skrywe is in die vorm van briewe aan gemeentes. Openbaring is 'n kragtige boodskap van die uiteindelike oorwinning van Christus se koninkryk. Dit is vol van wonderlike beelde en boodskappe van oordeel, oorwinning en hoop.
7. **Vra altyd die volgende vrae:**
   7.1 Wat leer ek van God, vanuit die teks wat ek gelees het?
   7.2 Wat leer ek van Jesus Christus, vanuit die teks wat ek gelees het?
   7.3 Wat is dit wat God wil hê ek moet glo, of doen, of voel, vanuit die teks wat ek gelees het?
8. **Pas dit toe:** Gaan pas dit toe wat jy gelees het tot jou hart, jou lewe, jou familie, jou kerk, jou werk, en ja, tot jou land ook. Wat is die rigtingaanwysers wat die Bybel jou gee, om meer te groei in jou geloof en om meer vrug te dra, om meer liefdevol en meer wys te wees in jou dade en woorde, gedagtes en gevoelens en verhoudings?
9. **Hou dagboek:** Oorweeg dit om dagboek te hou (*journal*), oor wat jy gelees het, en wat die insigte en gedagtes is wat by jou opgekom het toe jy die teks gelees het. Dit sal jou ook help in jou gebede en om met ander te kan praat oor dit wat jy gelees en ervaar het. Soos wat jy oor 'n lang periode terug kyk, sal jy kan sien hoe baie jy al gegroei het of te nie.
10. **Deel dit met ander:** Deel jou insigte en gedagtes met ander by 'n kleingroep of Bybelstudiegroep of met ander lidmate by die kerk of met familie en vriende.
11. **Verdiep jou studie:** Lees verskeie Bybel vertalings en vergelyk dit met mekaar. Lees kommentare of ander geestelike boeke wat verband hou met die teks wat jy lees. Vra jou geestelike leier vir ander bronne of raad.

'n Jongmens vra "hoekom moet ons die hele Bybel lees en nie net die Nuwe Testament nie?"

Die Bybel is soos 'n fliek

‘n Maklike manier om dit vir ‘n tiener te verduidelik is om die Bybel te vergelyk met ‘n fliek. Om die laaste (en belangrike deel) van die fliek te verstaan, help dit as jy die eerste deel van die storie gekyk het. As jy die fliek in die middel begin kyk, dan verstaan ‘n mens nie al die gebeure of karakters nie. Die impak van die fliek is dan minder.

Dieselfde geld met die Bybel. Dit is ‘n versameling stories wat vertel van God se reis met die mens oor ‘n baie lang tyd. Jesus se koms het ‘n nuwe tydperk ingelei en daarom volg ons nie meer die wette of offerdiens of praktyke van die `Ou Testament nie. Maar deur die Ou Testament te lees verstaan ons die grootheid van Jesus se koms en die gawe van Sy genade soveel beter.

Die jongmens vra verder “maar hoekom is sekere dele so vreemd”?

Die Bybel is soos *Netflix*

Die Bybel is ‘n versameling stories soos *Netflix* ‘n biblioteek van flieks en programme is. As jy die dag ‘n fliek wil kies om te kyk, dan moet jy eers besluit watter kategorie of genre fliek jy wil kyk… Aksie? Drama? Comedy? Series? Science-fiction? Jy gaan met ‘n verskillende ingesteldheid na elkeen kyk. Sommige flieks gaan jou laat lag, ander gaan jou iets leer? Soms gaan ‘n fliek jou laat ontspan, ander kere gaan dit jou uitdaag.

Dieselfde geld met die verskillende Bybel-boeke. Genesis en Psalms is verskillende tipe boeke en klink verskillend. ‘n Mens kan nie Jesaja en Johannes op dieselfde manier lees nie. Filippense en Openbaring is nie met dieselfde doel geskryf nie.

Wenke wanneer jy Bybel lees

- Ken die groot gebeure (storielyn) van die Bybel.
- As jy ‘n boek lees, vra jouself af waar in die storielyn dit inpas.
- Kyk of die tema van die teksgedeelte iets is wat deurlopend in die Bybel belangrik is, of net in daardie tydperk van die storie (bv. offers, slawerny, oorlog, kerk, genade, die Gees).
- Probeer om ‘n hele boek (bv. Lukas) deur te lees oor tyd (en nie net los tekste nie.
- Vind meer uit oor die agtergrond en karakters in die verhaal.
- Laat die Gees jou lei om die waarheid in die verhaal te ontdek sodat die verhaal jou raak en vorm.
- Moet nooit die vernuwende en veranderende krag van God se Woord vergeet nie!

Vir by die huis, probeer die volgende...

Ons glo dat die Bybel die maatstaf is waarmee ons ons lewe meet. Die Bybel is deur baie skrywers oor ‘n lang tydperk geskryf in die antieke tyd. Die Bybel is ‘n versameling verhale en geskrifte wat oor baie jare tot stand gekom het en wat vertel van hoe God met mense op reis is. Ons glo dat God in die afspeel van die storie, die oorvertel daarvan, die skryf daarvan en die oordrag en vertaling daarvan betrokke was deur Sy Gees. Ons glo dat God steeds vandag vir ons in die lees van die Bybel inspireer en ons help om die storielyn te verstaan en die beginsels daaruit vandag toe te pas.

Lees Esegiël 2: 9 – 3:3

Kyk:

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

Dink:

- Hoe is die Bybel vir jou anders as ander boeke?
- Hoekom moes Esegiël die boekrol eet? Waarvan is dit ‘n simbool?
- Hoe kan ons die woord van God “eet”?
- Dink aan ‘n keer toe jy die woord gelees het en dit jou geïnspireer het?

Doen:

- Soek iemand met wie jy kan gesels oor uitdagende gedeeltes in die Bybel.

Bid:

Here, maak die Bybel vir my so soet soos heuning, sodat dit my lewe voortdurend kan verander.

Tiener fokus:

Laai die Bybel op jou foon af en lees elke dag ‘n gedeelte.

Hier is ‘n paar apps wat jy kan aflaai. Die Afrikaanse Bybel is op beide beskikbaar: youversion.com of m.bibles.co.za.

Familie fokus:

Laat elke lid van die familie ‘n gunsteling teks kies en plak dit op in die huis. Die uitdaging is dat almal een nuwe teks leer voor die einde van die week.

Om oor na te dink...

Die Amerikaanse teoloog en skrywer, Dallas Willard, was ‘n paar jaar gelede in Suid-Afrika en het ’n preekbeurt gehad in ’n NG Gemeente. Op die kanselkleed was die Afrikaanse frase “Jesus is Here”, wat Dallas toe in Engels lees “Jesus is Here” (Jesus is hier). Hy maak toe die opmerking dat dit een van die grootste waarhede is, waaraan ons die minste aandag gee. Op sy beurt vertel Rob Bell die storie van Moses, wat skape oppas en die brandende bos opmerk (Eks 3). Hy vra die vraag of ons nie dalk elke dag by brandende bosse verbyloop, sonder dat ons dit opmerk nie; dat ons by God verbyloop maar hom nie raaksien nie.

Beide Dallas Willard en Rob Bell verduidelik dat ons heel eenvoudig te besig is en te veel kop-geraas en klank-geraas het. Ons almal voel aan dat ons daagliks *stilte*tyd moet hou en ons dan sit ons soms die klank-geraas, maar nie die kop-geraas nie. Kop-geraas is al die goed wat ons gedagtes oorneem wanneer ons na Jesus wil luister: ons dagboeke en to-do-list… Daar is egter ook ander kop-geraas waaraan ons nie altyd dink nie en dit gaan baie kere oor *hoe* ons die Bybel lees. Ons is geneig om die Bybel te lees met ’n kop-geraas-metode, om inligting te kry. Die manier hoe ons Jesus se stem kan hoor uit die Bybel, is om die Bybel rustig en stil te lees, sodat ons Jesus se stem kan hoor en daardeur gevorm kan word:

Informatiewe lees	***Formatiewe lees***
· *Lees met die verstand om te begryp*	• *Lees met die hart om te ontvang*
· *Kwantiteit*	• *Kwaliteit*
· *Verstaan*	• *Luister*
· *Haastig*	• *Wag*
· *Informasie*	• *Transformasie*
· *Kennis te versamel*	• *Verhouding: om Iemand te leer ken*
· *Beheer*	• *Broos*
· *Doen*	• *Being*
· *Funksioneel – Bybel = tool*	• *Relasioneel – Bybel = stem van God*

Mag ons op hierdie manier van ons kop-geraas tot ruste bring. Mag ons rus vind wanneer ons die Bybel lees. Mag ons ervaar “Jesus is Here.”